Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2025-01-24

Liewe Ouers

Ons is geweldig trots op die Klein Lochies wat reeds so selfstandig is en sélf, met hul tassies op hul rug of in die hand, by die hek instap. Goeie maniere is ook een van Klein Lochieland se waardes wat ons aanleer en ons is trots daarop as hulle ons groet. Hierdie is die ouderdom waar dit vasgelê word by 'n kleuter. Kom ons werk volgende week daaraan om ons kleuters te leer om selfstandig te wees en te groet!

KENMEKAARBRAAI
Ons nooi u weereens uit na ons kenmekaarbraai/piekniek **vanaand, 24 Januarie** om **18:00**. Bring asb. u eie kos, verversings, eetgerei, tafels en stoele/komberse saam. Braaidromme sal voorsien word. Geen roosters word voorsien nie, bring dus u eie rooster, asb. U is ook welkom om piekniek te hou.

Indien dit sou reën of 'n stormsterkte wind waai, word die braai afgestel. U sal vandag voor 14:00 per WA in kennis gestel word, **indien** die braai afgestel word.

OUERAAND
Graad R oueraand in u kleuter se klas: **Dinsdag 28 Januarie** stiptelik om 18:30
Graad RR oueraand in u kleuter se klas: **Woensdag 29 Januarie** stiptelik om 18:30

Dit is slegs vir ouers, asb. Op dié betrokke aand ontvang u meer inligting oor die komende jaar. Die ouerkomitee word ook dan verkies. Daar moet uit elke klas 'n verteenwoordiger op die ouerkomitee wees. Omdat belangrike inligting die aand aan u deurgegee word, **moet minstens één van die ouers asb. die aand bywoon**. Dit is in belang van u kleuter. Bring asb. 'n pen saam en **kontak asb. u onderwyseres indien u dit nie kan bywoon nie.**

TOELATINGS 2026
Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2026 is oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word. Toelatings sluit op 15 April 2025.

PADPATROLLIE
Ons doen weer 'n vriendelike, dog dringende beroep op ouers om ons asb met die padpatrollie by te staan. Ons het reeds 10 ouers wat aangedui het dat hulle sal help (almal graad R-ouers) dus moet hulle reeds twee keer per maand staan. As ons nog 10 ouers kan kry, raak dit net een keer per maand. Kontak my as u bereid is om te help by mhuman@lochnerhof.co.za

BUITEMUURSE AKTIWITEITE
U ontvang by u kleuter se oueraand 'n koevert met al die buitemuurse inskrywingsvorms en inligting oor kostes. Let wel: **Dit is nie verpligtend nie.**

Ons noem weer die buitemuurse aktiwiteite wat aangebied word:

Maandae:
- STEM-NeRDS ***12:00-12:30 (Graad RR)*** **(begin 3 Feb)**
  12:30-13:00 (Graad R)
- "Skool" **netbal** vir dogters (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 3 Feb)**
- "Skool" **rugby** vir seuns (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 3 Feb)**

Dinsdae:

- Rugga Roots ***11:45-12:15 (Graad RR)*** **(begin 4 Feb)**
  12:30-13:00 (Graad R)
- Ballet ***11:45-12:15 (Graad RR)*** **(begin 4 Feb)**
  12:30-13:00 (Graad R)
- "Skool" **tennis** vir seuns (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 4 Feb)**
- "Skool" **hokkie** vir dogters (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 4 Feb)**

Woensdae:

- Wicket Cricket ***11:45-12:15 (Graad RR)*** **(begin 5 Feb)**
  12:30-13:00 (Graad R)
- Gymfants ***11:45-12:15 (Graad RR)*** **(begin 5 Feb)**
  12:30-13:00 (Graad R)
- "Skool" **tennis** vir dogters (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 5 Feb)**
- "Skool" **hokkie** vir seuns (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 5 Feb)**

Donderdae:

- NetballS ***12:30-13:15 (Graad RR)*** **(reeds begin)**
  13:15-14:00 (Graad R)
- Playball ***11:45-12:15 (Graad RR)*** **(begin 30 Jan)**
  12:30-13:15 (Graad R)
- Karate ***11:45-12:15 (Graad RR)*** **(begin 30 Jan)**
  12:30-13:15 (Graad R)
- "Skool" **atletiek** vir seuns en dogters (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 6 Feb)**

Vrydae:

- Lochiekids Rugby 12:30-13:10 (Graad RR) **(begin 31 Jan)**
- "Skool" **krieket** vir seuns en dogters (SLEGS GRAAD R) 12:30-13:10 **(begin 7 Feb)**

A.g.v. die groot verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite wat ons aanbied, gaan ouers verplig wees om tussen die aktiwiteite wat op dieselfde dag aangebied word, te kies. Kleuters gaan ook by sekere aktiwiteite in groepe ingedeel word, afhangende van die hoeveelheid kleuters wat ingeskryf is.

U sal by die Oueraand al die inligting en pamflette ontvang, behalwe Rugga Roots wat reeds in die tasse uitgestuur is.

AFVALMATERIAAL

Ons benodig gereeld afvalmateriaal van die huis af. Volgende week benodig ons **koerante en klein boksies,** asb.

VORMS

- Baie dankie aan dié ouers wat so vinnig hul vorms voltooi en teruggestuur het. Ons wil graag 'n beroep op ouers doen om vorms dadelik terug te stuur, asb.
- Verdaagtydvorms word tydens die oueraand uitgegee. Dit kan by die oueraand ingevul word.

SPRAAK- en ARBEIDSTERAPIE SIFTINGS

Vorms vir spraak- en arbeidsterapiesiftings word ook by die oueraand uitgegee. **Ons beveel dit ten sterkste vir alle kinders aan.** Dit gee ouers die gemoedsrus dat hulle kinders geen uitvalle het nie. Kostes hieraan verbonde is minimaal en die aanbod word nie weer herhaal nie. Stuur asb. so spoedig moontlik die vorms terug skool toe indien u belangstel of kontak u onderwyseres indien u twyfel.

SONBLOK/HOEDE

Onthou asb om kleuters in te smeer voor hul skool toe kom. Personeel kan ongelukkig nie hierdie taak behartig nie; dit neem te veel van die onderrigtyd in beslag. Moedig asb. u kleuters aan om hoede te dra. Hier is 'n hele paar gesiggies wat reeds baie in die son gebrand het.

Let Wel: **MERK ASB ALLE KLERE, HOEDE, SKOENE EN KOELDRANKBOTTELS DUIDELIK! VERAL DIE SKOOLHEMPIES.**

INSTAPPIE vir Graad R en RR

Die “Incredible Dog Show” besoek ons skool vir ‘n instappie op Dinsdag 11 Februarie. Elke kleuter moet asb. R40-00 in ‘n toegeplakte koevert (korrekte bedrag) met kleuter se naam en Instappie voor-op geskryf, skool toe bring voor of op Vrydag 7 Februarie.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is:		**EK en MY LIGGAAM**
Ons persepsies is:	Kleur:	**Blou**
	Vorm:	**-**
	Getal:	**1 en een**
	Klank:	**0-klankie**
Assesserings:		**Bou 48-stuk legkaart** **Naam, van en ouderdom ken**
Vrydag	24 Januarie:	***Kenmekaarbraai en atletiek om 18:00. Hekke word 18:00 Oopgesluit. Verdaagtyd: 22:00***
Maandag	27 Januarie:	***Bring ‘n prentjie van iets wat met ‘n “o” begin saam skool toe*** ***Onthou die nominasievorm voor 08:00, asb.*** ***Onthou kliniekkaart en geboortesertifikaat afskrifte, asb.***
Dinsdag	28 Januarie:	***Graad R-OUERAAND om 18:30 in die klasse***
Woensdag	29 Januarie:	Trek asb. ‘n **blou** hemp, broek of rokkie aan om blou vas te lê
Donderdag	30 Januarie:	Bak-en-Brou: ‘n Gesiggie
Vrydag	31 Januarie:	***Ons trek ons Klein Lochieland skoolhempie aan***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is:		**MY SKOOL**
Ons persepsies is:	Kleur:	**Blou**
	Vorm:	**Sirkel**
	Getal:	**1**
	Klank:	**a-klankie**
Vrydag	24 Januarie:	***Kenmekaarbraai en atletiek om 18:00. Hekke word 18:00 oopgesluit. Verdaagtyd: 22:00***
Maandag	27 Januarie:	***Onthou die nominasievorm voor 08:00, asb.*** ***Juffrou Chandré (assistent van die Miertjieklas) verjaar.*** ***Baie geluk!***
Dinsdag	28 Januarie:	Ons maak ons klassimbooltjies
Woensdag	29 Januarie:	*Trek asb. ‘n **blou** hemp, broek of rokkie aan om **blou** vas te lê* ***Graad RR-OUERAAND om 18:30 in die klasse***
Donderdag	30 Januarie:	*Pak asb. ‘n sirkelbroodjie of ronde koekies vir u kind in om die **sirkel** vas te lê*
Vrydag	31 Januarie:	***Ons trek ons Klein Lochieland skoolhempie aan***

Ons wens u ‘n aangename week toe!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel